SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 27 OKTOBER 2002

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar.

In die nuus vandag:

RAE UITSLAE BEKEND

NOMINASIES VIR RAADSLEDE VIR DIE SARL EN MOSIES VIR DIE AJV

SARL OPE DAG BY NARS OP 2 NOVEMBER

AUSTRALIë SE HOUDING TOV AANSPRAAK OP 70 cm BAND

SPESIALE GELEENTHEIDSTASIE TYDENS ALGEHELE SONSVERDUISTERING

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Besoek ook die SARL-webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio aan sarlnews@hotmail.com nie later as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan, in te stuur. Indien moontlik stuur dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL.

Die nuus volg in besonderhede:

RAE UITSLAE BEKEND

Die uitslag van hierdie maand se RAE is reeds vanaf Donderdag 24 Oktober op die SARL webwerf beskikbaar. Uit 'n totaal van 111 inskrywings het 99 kandidate geslaag.

Die SARL wens hierdie kandidate geluk en vertrou dat hulle die nuwe stokperdjie sal geniet.

Amptelike uitslagbriewe sal binnekort aan kandidate gepos word. Kandidate word herinner daaraan dat die ooreenkoms tussen die SARL en ICASA bepaal dat sodra kandidate die eksamen geslaag het, hulle op die lug mag kom.

NOMINASIES VIR RAADSLEDE VIR DIE SARL

Alle huidige raadslede van die SARL tree uit tydens sy volgende AJV wat op 29 Maart in Bloemfontein plaasvind en ter voorbreiding vir die gebeurtenis word

nominasies vir raadslede ingewag in terme van reël 16.2 van SARL-lede om hierdie vakatures te vul. Indien meer as 15 nominasies ontvang word, sal 'n stemming gehou word.

Elke nominasie moet die volgende insluit:

1. Die volle name, roepsein en adres van die genomineerde;
2. 'n Amateurradio georiënteerde CV van nie meer as 200 woorde;
3. 'n Ondertekende verklaring van die genomineerde dat hy die nominasie aanvaar en op die raad van die SARL sal dien indien verkies;
4. Elke nominasie moet deur 'n voorsteller sowel as 'n sekondant onderteken wees;
5. Alleenlik ten volle opbetaalde lede (Reël 16.3) van die SARL mag genomineer word, voorstel of sekondeer.

MOSIES VIR DIE ALGEMENE JAARVERGADERING

Mosies vir voorlegging en oorweging by die Algemene Jaarvergadering van die SARL op 29 Maart in Bloemfontein word vanaf lede ingewag.

Elke mosie moet die volgende bevat;

1. 'n Bondige bewoording van die mosie;
2. 'n Motivering ter ondersteuning van die mosie;
3. Elke mosie moet deur die voorsteller en sekondant onderteken wees.

Nominasies sowel as mosies moet Die Sekretaris nie later as 30 November bereik nie. Dit moet geadresseer word aan Die Sekretaris, SARL, en gepos word na Posbus 1721, Strubensvallei, 1735 of gefaks word aan 011 675 2793. Ander kontakbesonderhede is Tel 011 675 2793 en e-pos admin@sarl.org.za.

QRP HF-BAKEN IN PLETTENBERGBAAI

Onthou die QRP HF-baken wat deur Roger, ZS1J, naby Plettenbergbaai, wat op 7076 kHz bedryf word en dat hy graag verslae sal verwag na info@forestwagontrails.co.za.

SPITSE OP DIE LUG

Moenie vergeet van die oproep deur Andrew, ZS1AN, gerig aan amateurs wat sou belangstel om stasies op bergpieke te gaan oprig en kontakte daarvandaan te maak nie. Hy wil graag 'n SOTA-vereniging vir Suid-Afrika te stig en vra dat belangstellendes hom per telefoon of e-pos kontak.

Sy telefoonnommers is: Tuis (021) 685-2841; Werk (021) 448-4678; Mobiel (083) 462-8309 en sy e-posadres is zs1an@qsl.net.

Vir meer inligting aangaande Pieke op die Lug, besoek hul webblad www.sota.org.uk.

SARL OPE DAG BY NARS OP 2 NOVEMBER

ALMAL, ook nie-lede, word hartlik uitgenooi na die SARL ope dag op eerskomende Saterdag 2 November by die NARS te Radiokop. Die byeenkoms begin so om en by 09:00 en duur totdat jy uitgekuier is. Die hoofgedagte is om net lekker gesellig te kuier in die geselskap van vriende en alle radioamateurs. Dit sal in die vorm van 'n bring en braai wees. Braaivure sal voorsien word en verversings sal beskikbaar wees. Bring asb. opvoustoele en sonsambrele, klein tafels en enigiets anders vir jou gerief saam. Bring die spruite asb saam; daar is baie ruimte vir kinders om te speel en hulle sal heerlik op 'n lugkasteel kan baljaar.

Die kantoor sal oop wees, dus kan jy boeke koop en ledegeld betaal en enige ander sake nagaan waaroor jy duidelikheid wil verkry. Stel jou vraelysie solank saam. Die radiokamer sal ook oop wees vir amateurwerking. Daar sal ook 'n senderjag op die terrein op 2 m plaasvind en dit sal pret wees vir nuwelinge op hierdie gebied wees om te ondervind hoe dit gedoen word.

Om die dag nog meer interessant te maak, sal 'n lesing oor IRLP aangebied word. Dit is die nuutste modus van kommunikasie vir radioamateurs.

Dit sal waardeer word indien Michelle ZS6TO verwittig kan word oor wie dit sal bywoon en veral die kinders om iets vir hulle vermaak te reël. Sy kan per e-pos bereik word by: MVDMerwe@uti.co.za of tel. 011 723-1722 of faks: 011 723-1796.

ONS SIEN JULLE ALMAL DAAR!!!!!

AUSTRALIë SE HOUDING TOV AANSPRAAK OP 70 cm BAND

Die volgende is 'n aanhaling uit QNEWS:

Aangaande die kwessie van 'n toewysing aan die Earth Resources Satellite Service van 432 tot 438 MHz herinner Keith Malcolm, VK1ZKM, die ACA WIA skakelbeampte, ALMAL dat dit vir 'n geruime tyd reeds by ITU-forums onder oorweging was.

Die ITU het 'n stel reëls ontwikkel wat die bedryf van sulke stelsels dek (pfd op die grond, bundelwydte, ens), wat verseker dat steuring aan amateurbedrywighede minimaal en vlugtig sal wees.

Die toegelate pfd's en seinbandwydte het 'n sein tot gevolg wat te swak is om steuring aan normale mobiele FM-werking te veroorsaak' terwyl die sein waarneembaar sal wees wanneer die sein deur die straal van 'n hoëverrigting tropospreiding of AMA ESB-stasie beweeg.

Gegewe die wentelbaanbesonderhede ens sal die duurte van sodanige steurings by enige amateurstasie minder as 1% van die tyd wees.

Die Australiese houding vir WRC-03 is om die toepassing van die ITU-ontwikkelde reëls te ondersteun ten einde deelgebruik van die band sonder steurende inmenging tussen gebruikers te bereik.

SPESIALE GELEENTHEIDSTASIE TYDENS ALGEHELE SONSVERDUISTERING

Belangstellendes kan 'n totale sonsverduistering vanuit die noordelike en noordoostelike gebiede van die Limpopoprovinsie op 4 Desember waarneem.

Die verduistering begin ongeveer om 05:00 UTC en eindig twee en 'n halfuur later afhangende van die waarnemingspunt.

'n Groep radioamateurs vanaf ZS5 en ZS6 sal 'n spesiale geleentheidstasie ZS6SOL bedryf om dekking aan die gebeurtenis te verleen.

Hulle sal vanaf 30 November tot 7 Desember op die lug wees terwyl hulle mobiel is en sal vanaf die suidelike wal van die Limpopo kommentaar lewer voor, gedurende en na die verduistering.

Almal word uitgenooi om hulle ondervinding met hulle te deel op 40, 20 en 15 meter heelwaarskynlik rondom 7,075, 14,200 en21,155 MHz, afhangende van bandtoestande.

QSL asb via die Buro aan Willie ZS5WI of direk na Posbus 1064, Eshowe, 3815 met insluiting van 'n gefrankeerde, selfgeadresseerde koevert vir jou kaart.

SPESIALE BOEKE-AANBOD

Net 'n herinnering aan die aanbod deur die boekwinkel vir die volgende boeke teen spesiale pryse: NOS-Intro deur Ian Wade, G3NRW, 350 bladsye oor pakketradio teen R10-00; Understanding Basic Electronics; Your VHF Companion, 'n 200-bladsy ARRL-boek oor BHF-werking; Radio Auroras" deur Charlie Newton G2FKZ, 'n RSGB-boek oor die ontstaan van auroras en hoe hulle vir BHF-voortplanting aangewend kan word; Your RTTY/Amtor Companion deur Steve Ford, WB8IMY, 'n 140-bladsy ARRL-boek oor Amtor en RTD op HF en Beyond Line of Sight, 'n 140-bladsy ARRL-boek oor dit wat BHF DX moontlik maak, tropo, sporadiese-E, aurora en aurora-E, metoorstrooiing, F-laag-voortplanting en aard-maan-aard.

Elkeen van hierdie tegniese boeke bied uitstekende waarde vir geld en die prys vir almal behalwe die eerste een is R50-00 per eksemplaar.

Skakel Debbie by 011 675 2393 om die voorraadposisie te kontroleer. Amateurs wat nie die NARS kan besoek om die boeke te koop nie, moet asb posgeld byvoeg.

QSL-KAARTE

Hierdie is 'n laaste herinnering aan amateurs dat QSL-kaarte vir nie-lede van die SARL, slegs gehou sal word tot die einde van Oktober. Lede wat tot dan aansluit, sal nog hulle kaarte ontvang. Persone wat nognie hulle lidmaatskap hernu het nie, se kaarte word ook gehou tot einde Oktober. Na aanleiding van die ope dag op 2 November sal hierdie sperdatum ook tot dan aanskuif.

SAATI-MAANDVERGADERING

Die gereelde SAATI-maandvergadering sal op Maandag 28 Oktober om 19:30 in die klubkamer van die Pretoria amateurradioklub op die suid-kampus van die Universiteit van Pretoria plaasvind. Die hoofitem op die program sal 'n bespreking oor die pad vorentoe wees. Almal is welkom.

Dit is dan die einde van ons nuusbulletin vir vandag.

Hierdie bulletin is saamgestel deur George, ZS6NE, en gelees deur …… vanuit …… as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

Die SARL nooi u ook om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 21560, 9750, 7082 kHz en 145,625 MHz in die Ooslonden-, 145,650 in die Durban- en 145,750 MHz in die Pretoriagebied te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 20:00 SAT op 3215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Kom neem ook deel aan die net van die President van die SARL wat Sondae om 12:00 op 7082 kHz op die lug is.

U het geluister na ZS6SRL, dankie dat u by ons aangesluit het. 'n Groot woord van dank aan al diegene wat items vir hierdie bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereeld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX